

LEWENSWETENSKAPPE: VRAESTEL III

INSTRUKSIES WAT OP 15 SEPTEMBER 2016 TOEGEPAS MOET WORD

1. Die laboratoriumtegnikus en die Lewenswetenskappe-onderwyser moet die laboratorium opstel volgens die instruksies wat in Julie deur die IEB uitgestuur is.
 2. Die vraestelle moet 45 minute voor die kandidate die lokaal binnekom, in die lokaal oopgemaak word.
 3. Die groen bladsy vir die aandag van die opsiener moet saam met die teenwoordigheidsregister uit die plastiek omslag verwyder word.
 4. Die inligting op die groen bladsy moet kortliks deur die Lewenswetenskappe-onderwyser met die opsiener bespreek word, om te verseker dat die opsiener vertroud is met die nasien van die manipulasievaardighede.
 5. Die Lewenswetenskappe-onderwyser moet die opsiener die uitleg van die laboratorium wys en waar die toerusting is, indien 'n kandidaat die eksperiment moet herhaal. Dit is onwaarskynlik, maar indien dit gebeur, sal GEEN ekstra tyd aan die kandidaat toegeken word nie.
 6. Die Lewenswetenskappe-onderwyser verlaat die lokaal en die kandidate kom die lokaal binne.
 7. Die Lewenswetenskappe-onderwyser moet tydens die sessie beskikbaar wees indien hy/sy benodig word.
-